
GELOOF In Die Woord



FAITH In The Word

Geloof is uit die gehoor en die gehoor is deur die Woord van God Rom. 10:17

Faith cometh by hearing and hearing by the Word of God. Rom. 10:17

POSBUS 232, BALLITO, 4420 · TEL: (032) 551 1836 / 551 2419 · FAKS: (032) 552 5411
WEBSITE: www.stangerchristiancentre.com E-MAIL:stangerchristiancentre@gmail.com

God se Woord oor Genesing

Jes. 53:4 en 5: Nogtans het Hy ons krankhede op Hom geneem, en ons smarte die het Hy gedra; maar ons het Hom gehou vir een wat geplaag, deur God geslaan en verdruk was. Maar Hy is terwille van ons oortredinge deurboor, ter wille van ons ongeregtighede is Hy verbrysel; die straf wat vir ons die vrede aanbring, was op Hom, en DEUR SY WONDE HET DAAR VIR ONS GENESING GEKOM.

Matt. 8:16-17: En toe dit aand geword het, het hulle baie na Hom gebring, wat van duiwels besete was; en Hy het die geeste met 'n woord uitgedrywe; en almal wat ongesteld was, het Hy gesond gemaak, sodat vervul sou word wat gespreek is deur Jesaja, die profeet, toe hy gesê het: HY HET ONS KRANKHEDE OP HOM GENEEM EN ONS SIEKTES GEDRA.

1 Pet. 2:24: Wat self ons sondes in Sy liggaam aan die kruishout gedra het, sodat ons die sondes kan afsterwe en vir die geregtigheid lewe; DEUR WIE SE WONDE JULLE GENEES IS.

Volgens die Bybel is dit baie duidelik, dat ons as gevolg van Jesus se wonde genees is. Deur middel van onkunde en tradisie, het Satan probeer om hierdie waarheid vir die kerk te verberg. In godsdienstige kringe sien ons prente en standbeelde wat nie die werklike kruisiging uitbeeld nie. Hulle toon ons 'n Verlosser, met 'n netjiese lendekleed aan en 'n paar druppels bloed hier en daar op Sy liggaam en voorkop. Dit is verseker nie wat met Jesus se kruisiging gebeur het nie, tog is hierdie prent van 'n bleek, maer liggaam, pragtig gedrapeer aan die kruis, sonder enige verminking of wonde in ons geheue vas gelê. Die Bybel vertel ons in die fynste besonderheid van die geweldige lyding wat Jesus deurgemaak het, voor en gedurende die kruisiging. Die nag toe Hy verraai is, het die Romeinse soldate Hom geneem, geblinddoek, met die vuis en riete geslaan, gespot en beveel dat Hy moes profeteer wie Hom geslaan het. Sy oë was geswel van die houe, Sy lippe geskeur en geswel. Moontlik is van Sy tande uitgeslaan en Sy baard is uitgepluk. 'n Groot doringkroon is op Sy kop gedruk en die lang dorings het Sy kopvel binnegedring. Hy is met 'n sweep, wat in 'n soutoplossing geweek is, gegesel. In hierdie sweep se nege punte is stukkies glas, been en lood ingeweef sodat dit deur die vel in die vlees gesny het en stukke vleis uitgeruk is met elke sweepslag. Sy vlees is tot op die been oopgekloof en die Woord vertel ons dat Sy liggaam soos 'n geploegde veld gelyk het. Spykers is deur Sy gewrigte en voete geslaan en Sy volle liggaamsgewig het daaraan gehang. 'n Skerp spies is in Sy sy gesteek. Die Bybel vertel ons dat geen mens nog ooit so geskend was, soos Jesus nie, so erg dat Hy onherkenbaar was. Jesus se grusame wonde is die waarheid en Jesaja, Mattheus en Petrus vertel ons dat ons deur Sy wonde genees is. Lees Ps. 22 wat 1000 jaar voor die gebeurtenis geskryf is.

Toe Jesus die Heilige Nagmaal (die Here se

(Vervolg op Bl. 2)

(Vervolg vanaf Bl. 1 - God se Woord….)

Tafel) met die Paasfees, die aand voordat Hy gekruisig is, ingestel het, het Hy ons beveel om die brood te eet, simbolies van Sy liggaam en die beker te drink, simbolies van Sy Bloed, ter gedagtenis van wat Hy vir ons aan die Kruis sou doen.

1 Kor.11:23-25: Want ek het van die Here ontvang wat ek ook aan julle oorgelewer het, dat die Here Jesus in die nag waarin Hy verraai is, brood geneem het; en nadat Hy gedank het, het Hy dit gebreek en gesê: Neem, eet; dit is My liggaam wat vir julle gebreek word; doen dit tot My gedagtenis. Net so ook die beker na die ete, met die woorde: Hierdie beker is die Nuwe Testament in My bloed; doen dit, so dikwels as julle daaruit drink, tot My gedagtenis.

Elke keer wanneer ons by die Nagmaal die beker neem, moet ons aan die wonde dink wat Jesus se liggaam toegedien is en wat dit vir ons beteken. Elke keer wanneer ons uit die beker drink, die vrug van die wingerdstok, moet ons onthou dat Jesus vir ons sondes gesterf het, dat Hy ons verlos het en met Vader God versoen het. Hy het ons ook verlos uit die koninkryk van duisternis na die Koninkryk van Sy heerlike Lig. Beide elemente, die Brood en die Beker (wyn) dien 'n bepaalde doel by die Heilige Nagmaal. Die Bloed van Jesus bring ons versoening met Vader God te weeg. As gevolg van menslike tradisie is die wonde van Jesus misverstaan, tot so 'n mate, dat ons geneig is om net op die Bloed van Jesus te konsentreer. Ons kan die twee nie van mekaar skei nie, omdat hulle deel is van een Offer, maar Jesus het aan ons twee elemente gegee en elkeen het sy bepaalde doel volgens die Skrifte. Deur Sy Bloed is ons vrygemaak en deur Sy wonde is ons genees. Lees wat die Here omtrent hierdie genesing sê in **1Kor.11:29-30: Want wie op onwaardige wyse eet en drink, eet en drink 'n oordeel oor homself, TERWYL HY DIE LIGGAAM VAN DIE HERE NIE ONDERSKEI NIE. DAAROM IS DAAR onder julle baie SWAKKES EN SIEKLIKES en 'n AANTAL HET ONTSLAAP.**

Baie mense sterf ontydig omdat hulle nie die belangrikheid besef van die **LIGGAAM VAN JESUS WAT VIR HULLE GEBREEK IS NIE.** Gebreek deur wonde wat genesing vir ons op Golgota verkry is. Wanneer ons die Heilige Nagmaal volgens Bybelse voorskrifte gebruik, moet ons, wanneer ons die beker neem, ons sondes bely en vergifnis aanvaar; wanneer ons die brood eet, aanvaar ons genesing vir ons liggame. (Ek beveel aan dat julle ons boek " Die Nagmaal en Genesing" lees).

Dit mag vreemd wees, maar die paar keer wat ek vir 'n Hindu of 'n Moslem gebid het en God gevra het om hulle in die Naam van Jesus te genees, het hulle werklik genesing ontvang. Dan is daar gereelde Christen kerkgangers wat hul genesing nie so maklik ontvang nie. Ek het die Here hieroor gevra en Hy het my gewys dat, voordat ek vir 'n heiden vir genesing bid, ek aan hom moet verduidelik dat ek nie die een is wat genees nie, maar dat dit JESUS CHRISTUS is. Ek vra hom of hy aanvaar dat Jesus hom wil en kan genees en dat ek in Sy Naam bid. Hulle sê gewoonlik dat hulle glo dat Jesus hulle sal genees en wanneer ek vir hulle bid vind genesing plaas, dit is omdat hulle Jesus as hul GENESER ontvang, hoewel hulle Hom nog nie as Verlosser aanvaar het nie. By die getroue kerkganger vind ons weer dat hy Jesus as Verlosser ontvang het, miskien al 'n paar jaar gelede, maar nie as sy GENESER nie.

Twee duisend jaar gelede het Jesus Christus aan die kruis voorsiening gemaak vir die mens se verlossing en genesing; vir sy geestelike sowel as fisiese behoeftes. Tradisie en onkunde het die mens van hierdie waarheid beroof. Ons kan hierdie voorsiening wat God vir ons verlossing en genesing gemaak het, aanvaar of verwerp, dit is ons keuse. God is 'n heer – Hy sal 'n mens nooit dwing om enigiets te doen nie, die keuse is joune, omdat Hy aan jou 'n vrye wil gegee het!

Die Goeie Nuus van die Evangelie van die Here Jesus Christus is dat verlossing en genesing vir almal is wat glo, maar dit val nie soos ryp kersies in jou skoot nie! Ons moet in geloof daarvoor vra, volgens die Bybel se voorskrifte en dan kan ons verseker wees dat ons dit sal ontvang. Dit is God se wil om almal wat na Hom kom te red en te genees.

1 Joh.5:14-15: En dit is die vrymoedigheid wat ons teenoor Hom het, dat Hy ons verhoor as ons iets vra volgens Sy wil. En as ons weet dat Hy ons verhoor, dan weet ons dat, wat

(Vervolg op Bl. 3)

(Vervolg vanaf Bl. 2 - God se Woord…)

ons ook al vra, ons die bedes verkry wat ons van Hom gevra het. Laat ons **Jes.53:7** lees**: Hy is mishandel, hoewel Hy onderworpe was, en Hy het Sy mond nie oopgemaak nie; soos 'n lam wat na die slagplek gelei word en soos 'n skaap wat stom is voor sy skeerders – ja, Hy het Sy mond nie oopgemaak nie.**

Hier praat die profeet Jesaja van Jesus. Ons lees in die Evangelies, in die Nuwe Testament, dat regdeur die marteling en fisiese lyding wat Jesus deurgemaak het, Hy nie Sy mond oopgemaak het nie. Hy het dus die ondraaglike pyn, toe Sy liggaam gebreek en verwond is, sonder 'n geluid gedra, om vir ons siektes en kwale te betaal. Toe Hy vir ons sonde betaal het, ons sonde op Homself geneem het, het God - omdat Hy die sonde nie kan aanskou nie – Sy gesig van Sy Seun gekeer. Jesus kon die pyn van verwerping en om van Sy Vader geskei te wees nie verdra nie, selfs nie vir daardie kort tydjie nie en het uitgeroep: **"My God, My God, waarom het U My verlaat?"** Ons weet dat dit baie erger is om deur sonde van God geskei te wees as om siek te wees, want met 'n siek liggaam kan ons Hemel toe gaan, maar nie met 'n siek gees nie. Die skeiding tussen Jesus en Sy Vader oortref by verre die helse pyn wat die hel vir die verlorenes aanbied en sal vir ewig duur.

Sy Woord is Sy wil en Sy Woord verklaar die volgende:

Jes.53:4-5: Nogtans het Hy ons krankhede op Hom geneem, en ons smarte – die het Hy gedra; maar ons het Hom gehou vir een wat geplaag, deur God geslaan en verdruk was. Maar Hy is terwille van ons oortredinge deurboor, ter wille van ons ongeregtighede is Hy verbrysel; die straf wat vir ons die vrede aanbring, was op Hom, EN DEUR SY WONDE HET DAAR VIR ONS GENESING GEKOM.

1 Pet. 2:24: wat self ons sondes in sy liggaam op die kruishout gedra het, sodat ons die sondes kan afsterwe en vir die geregtigheid lewe; DEUR WIE SE WONDE JULLE GENEES IS.

Matt. 8:16-17: En toe dit aand geword het, het hulle baie na Hom gebring, wat van duiwels besete was; en Hy het die geeste met 'n woord uitgedrywe; EN ALMAL WAT ONGESTELD WAS HET HY GESOND GEMAAK, sodat vervul sou word wat gespreek is deur Jesaja, die profeet, toe hy gesê het: HY HET ONS KRANKHEDE OP HOM GENEEM EN ONS SIEKTES GEDRA.

Hand. 10:38: Hoe God, Jesus van Nasaret, gesalf het met die Heilige Gees en met krag. Hy het die land deurgegaan, goed gedoen en ALMAL GENEES WAT ONDER DIE MAG VAN DIE DUIWEL WAS, omdat God met Hom was.

Ex. 15:26: As jy getrou na die stem van die Here jou God luister en doen wat reg is in Sy oë, en luister na Sy gebooie en al Sy insettinge hou, dan sal Ek geeneen van die siektes op jou lê wat Ek op Egipte land gelê het nie; WANT EK IS DIE HERE WAT JOU GESOND MAAK.

Ps. 107:2: HY HET SY WOORD UITGESTUUR, DAT HY HULLE KON GESOND MAAK en hulle uit hul kuile red.

Spr. 4:20-22: My seun, luister na wat ek sê, neig jou oor tot my woorde, laat hulle nie wyk uit jou oë nie, bewaar hulle binne-in jou hart. WANT HULLE IS DIE LEWE VIR DIE WAT HULLE VIND EN 'n GENESING VIR HULLE HELE LIGGAAM.

Jak.5:13-15: Is daar iemand onder julle wat ly? Laat hom bid. Is iemand opgeruimd? Laat hom psalmsing. Is daar iemand siek onder julle? LAAT HOM DIE OUDERLINGE VAN DIE GEMEENTE INROEP, EN LAAT HULLE OOR HOM BID NADAT HULLE HOM IN DIE NAAM VAN DIE HERE MET OLIE GESALF HET. EN DIE GEBED VAN DIE GELOOF SAL DIE KRANKE RED, EN DIE HERE SAL HOM OPRIG. SELFS AS HY SONDE GEDOEN HET, SAL DIT HOM VERGEWE WORD.

Mal.4:2: MAAR VIR JULLE WAT MY NAAM VREES, SAL DIE SON VAN GEREGTIGHEID OPGAAN, EN DAAR SAL GENESING ONDER SY VLEUELS WEES, en julle sal uittrek en huppel soos kalwers uit die stal.

(Vervolg of Bl. 4)

(Vervolg vanaf Bl. 3 - God se Woord….)

Jes. 40:29: HY GEE DIE VERMOEIDE KRAG en vermenigvuldig sterkte vir die wat geen kragte het nie.

Ps. 103:2-5: Loof die Here, o my siel, en vergeet geeneen van sy weldade nie! Wat al jou ongeregtigheid vergewe; WAT AL JOU KRANKHEDE GENEES, wat jou lewe verlos van die verderf, wat jou kroon met goedertierenheid en barmhartighede, wat jou siel versadig met die goeie, sodat jou jeug weer nuut word soos die van 'n arend.

Matt. 4:23: En Jesus het deur die hele Galilea rondgegaan en in hulle sinagoges geleer en die evangelie van die koninkryk verkondig EN ELKE SIEKTE EN ELKE KWAAL ONDER DIE VOLK GENEES.

Matt. 8:1-3: En toe Hy van die berg afkom, het groot menigtes Hom gevolg; en daar het 'n melaatse man gekom en voor Hom neergeval en gesê: Here, as U wil, kan U my reinig. Daarop steek Jesus die hand uit en raak hom aan en sê: EK WIL; word gereinig! En dadelik is hy van sy melaatsheid gereinig.

Matt. 10:1 en 8: En Hy het Sy twaalf dissipels na Hom geroep en aan hulle mag gegee oor onreine geeste, om hulle uit te dryf en OM ELKE SIEKTE EN ELKE KWAAL TE GENEES. MAAK SIEKES GESOND, REINIG MELAATSES, WEK DOOIES OP, DRYF DUIWELS UIT. Julle het dit verniet ontvang, verniet moet julle dit gee.

Matt. 12:15 en 22: Toe Jesus dit bemerk, het Hy daarvandaan weggegaan, en groot menigtes het Hom gevolg EN HY HET HULLE ALMAL GESOND GEMAAK. Toe het hulle 'n duiwelbesetene wat blind en stom was, na Hom gebring; en Hy HET HOM GESOND GEMAAK, sodat die blinde en stomme kon praat en sien.

Matt. 14:14: En toe Jesus uitgaan, het Hy 'n groot skare gesien en innig jammer vir hulle gevoel, en HY HET HULLE SIEKES GESOND GEMAAK.

Luk. 6:19:En die hele skare het probeer om Hom aan te raak, omdat krag van Hom uitgegaan het, en HY HET ALMAL GESOND GEMAAK.

Joh. 5:6-9: Toe Jesus hom sien lê, terwyl Hy geweet het dat hy al 'n lang tyd siek was, sê Hy vir hom: Wil jy gesond word? Die sieke antwoord Hom: Here ek het niemand om my in die bad te sit as die water geroer word nie; en onderwyl ek kom gaan 'n ander een voor my in. Jesus sê vir hom: STAAN OP NEEM JOU BED OP EN LOOP.

En dadelik het die man gesond geword en sy bed opgeneem en geloop. En daardie dag was dit Sabbat.

Mark. 16:16-18: Hy wat glo en hom laat doop, sal gered word; maar hy wat nie glo nie, sal veroordeel word. En vir die wat geglo het, sal hierdie tekens volg: In My Naam sal hulle duiwels uitdryf, met nuwe tale sal hulle spreek, slange sal hulle opneem; en as hulle iets dodeliks drink, sal dit hulle geen kwaad doen nie; OP SIEKES SAL HULLE DIE HANDE Lê, EN HULLE SAL GESOND WORD.

Gal. 3:13,14 en 29: Christus het ons losgekoop van die vloek van die wet deur vir ons 'n vloek te word – want daar is geskrywe: Vervloek is elkeen wat aan 'n hout hang – sodat die seën van Abraham na die heidene kan kom in Christus Jesus, en dat ons die belofte van die Gees deur die geloof kan ontvang. En as julle aan Christus behoort, dan is julle die nageslag van Abraham en volgens die belofte erfgename.

Onthou, dit is God se begeerte om jou te genees! Dit is Sy wil dat jy gesond en volkome moet wees; na liggaam, siel en gees. Hy het in Sy Woord voorsiening gemaak vir genesing en het Jesus aarde toe gestuur om Sy geopenbaarde wil in aksie te wees. Jesus het, toe Hy 2000 jaar gelede op die aarde was, almal genees wat na Hom vir genesing gekom het.

Die Woord sê vir ons in **Heb.13:8: Jesus Christus is gister en vandag dieselfde en tot in ewigheid.●**



UIT ONS KANTOOR

Geliefde,

Laat die Here jou verdediging wees. Dit word so mooi gestel in **Ps.94:22: Maar die HERE is 'n rotsvesting vir my, en my God die rots van my toevlug.**

Stel jou voor dat jy 'n arm weduwee is, 'n vreemdeling in die land en dat jy die laagste werk in die samelewing het. Dit was Rut se situasie, daarom sou dit vir haar maklik gewees het om kwesbaar en weerloos te voel. Omdat sy die Here egter vertrou het (Rut 1:16), het Hy haar onder Boas se beskerming geplaas.

Boas, die eienaar van die land waarin sy gewerk het, het sy jong manne beveel: "Laat haar selfs tussen die gerwe bymekaarmaak, en moet haar nie verhinder nie" (Rut 2:15). Wat hy vir sy manne gesê het was: "Sy mag iemand wees wat optel, maar omdat ek vir haar omgee, behandel haar met respek en maak seker dat sy nie in die skande kom nie."

Boas is 'n beeld van ons Here Jesus. As jy op die oomblik kwesbaar en weerloos voel, stel jou voor hoe Jesus Sy engele beveel: "Hou wag oor hierdie een wat aan my behoort. Maak seker dat hy/sy met respek behandel word en nie in die skande kom nie, want hy/sy is iemand wat ek liefhet en iemand vir wie ek gesterf het."

God se Woord sê vir ons dat as God vir ons is, wie kan teen ons wees? (Rom. 8:31) Niemand wat teen ons is kan seëvier nie want wanneer God vir ons is, is Sy beskerming oor ons. Dit is ook waarom ek nie enige aanvallende e-pos boodskappe in my bediening antwoord nie.

My sienswyse is: Jesus is my verdediging. As Hy my nie verdedig nie, beteken dit dat daar dinge in my lewe is wat nie verdedig kan word nie, en ek sal bly wees om dit eerder nou as later uit te vind. Aan die ander kant; omdat ek die Here as my verdediging neem en Hy my verdedig, wat kan die wat teen my is aan my doen?

Wanneer jy jouself verdedig, het jy slegs jou twee hande en jou menslike hulpbronne. Wanneer jy egter Jesus toelaat om jou te verdedig, verdedig Hy jou met Sy deurboorde hande en Sy legioene engele! Die resultate sal verstommend wees.

Geliefde, die Here is jou verdediging en skuiling. Vertrou Hom om jou te verdedig en te beskerm! As die Here jou verdediger is, wat kan die wat teen jou is teen jou is doen?

Wees verseker van ons liefde en gebede vir julle, elkeen van julle is kosbaar en so nodig in Vader God se bediening. Ons wil net baie dankie sê vir jul volgehoue ondersteuning deur gebede en finansies. Daarsonder sal ons nie die Evangelie kan versprei en siele vir God wen nie. Mag Vader God elkeen van julle ryklik seën, met gesondheid, finansies en aan julle Sy vrede gee.

Met liefde

Meg en die Gebedspan

KENNISGEWING

Ons het 'n lys beskikbaar van boeke en Cd's met hul pryse. Indien u meer inligting verlang oor wat beskikbaar is of 'n bestelling wil plaas, kontak ons asseblief sodat ons die lys na u kan faks of E-pos.

Dit het ook volledige inligting hoe om 'n bestelling te plaas, bank inligting ens. Ons E-pos adres is: stangerchristiancentre@gmail.com en ons faks nommer is: 032:5525411. Ons het ook 'n internet adres en dit is: www.stangerchristiancentre.com, u kan al ons boeke daarop sien en hulle kosteloos aflaai.

Ons Bankbesonderhede is:
Stanger Christian Sentrum,
Eerste Nasionale Bank,
53730091667,
Kode: 220129

Spesiale woord van dank

'n Spesiale woord van dank vir die kosbare bydraes wat direk in ons bankrekening inbetaal word. Dit is vir ons baie belangrik om vir u 'n persoonlike bedankings briefie te stuur, daarom versoek ons u om asseblief u deposito strokie, met u volle naam en volle adres te pos of te faks. Ons sal dit ook waardeer as u vir ons u naam en adres langs u deposito strokie neer skryf wanneer u dit faks, omdat die faks nie altyd leesbaar is nie.

HEALING IN THE ATONEMENT

In Isaiah 53:4 and 5 we read: Surely He hath borne our griefs, and carried our sorrows: yet we did esteem him stricken, smitten of God, and afflicted. But He was wounded for our transgressions, He was bruised for our iniquities: the chastisement of our peace was upon Him; and WITH HIS STRIPES (wounds) **WE ARE HEALED.**

Matt. 8:16-17: When evening had come, they brought to Him many who were demon-possessed. And He cast out the spirits with a word, and healed all who were sick, that it might be fulfilled which was spoken by Isaiah the prophet, saying; HIMSELF TOOK OUR INFIRMITIES, AND BARE OUR SICKNESS.

1 Peter 2:24: Who His own self bare our sins in His own body on the tree, that we, being dead to sins, should live unto righteousness: BY WHOSE STRIPES YE WERE HEALED.

It is very clear, according to the Bible, that we are healed because of the wounds of Jesus. Satan has, of course, tried his best to hide this truth from the Church through ignorance and tradition. In religious circles we see pictures and statues depicting the crucifixion, pictures that do not tell the true story. They show us a Saviour, wearing a neat loincloth, and a few drops of blood here and there, on His body and brow. This is certainly not what happened to Jesus when He was crucified, yet many have this picture engraved on their minds, of a pale, thin body, beautifully draped on the cross, devoid of any mutilation and wounds. The Bible tells us in detail of the tremendous physical suffering that Jesus endured, before and during the crucifixion. On the night when He was betrayed, the Roman soldiers took Him, blindfolded Him, punched Him with fists and beat Him with reeds, jeered and commanded Him to prophesy who had hit him. His eyes were swollen from the punches, His lips split and swollen, perhaps teeth knocked out, His beard was plucked from His face. A large crown of thorns was pushed onto His head, and these large thorns were driven into His scalp. He was scourged with a whip saturated in a salt solution, and this whip had pieces of glass, bone and lead woven into its nine thongs, so that it would cut into, and break the skin and rip out pieces of flesh with every lash. His flesh was ripped open to the bone, and His naked body looked like a ploughed field, the Word tells us. There were nails driven through His wrists and feet and the weight of His whole body hung upon them. A sharp spear pierced His side, and the Bible tells us that no man was ever marred as much as Jesus was marred, so much so that we are told that He was unrecognisable. This is the truth concerning the gruesome wounds of Jesus, and Isaiah, Matthew and Peter tell us that by His wounds, we are healed. Read Psalm 22,written 1000 years before the event.

When Jesus established the Holy Communion, the Lord's Table at the Passover on the night before He was crucified, He instructed us to eat of the bread, symbolic of His Body and to drink of the cup, symbolic of His Blood, in remembrance of what He was going to do for us on the Cross.

1 Cor. 11:23-25: For I have received of the Lord that which also I delivered unto you. That the Lord Jesus the same night in which He was betrayed took bread: And when He had given thanks, He broke it, and said, Take eat: this is My body, which is broken for you: this do in remembrance of me: After the same manner also He took the cup, when He had supped saying. This cup is the New Testament in My blood: this do ye, as oft as ye drink it, in remembrance of me.

Every time we partake of the Bread at the Lord's Table, we are to think of the wounds inflicted upon Jesus' Body, and what they mean to us, and every time we drink the Cup, the Fruit of the Vine, we must remember that Jesus died for our sins, that He redeemed us and reconciled us to Father God. He also delivered us out of the kingdom of darkness, into the Kingdom of His glorious Light. Both of these elements, the Bread and the Cup, serve a specific purpose in Holy Communion. The Blood of Jesus brings about our reconciliation with Father God, but the wounds of Jesus have been misunder-

(Continued on page 7)

(Continued from page 6 - God's will for healing)
stood, through tradition of man to such an extent that we are inclined to concentrate only on the Blood of Jesus. Whilst we cannot separate the two, because of them being part of the one complete and perfect Sacrifice, Jesus gave us two elements, and each of these elements has its specific purpose according to Scripture. By His blood we have been set free and by His wounds we are healed. Read what the Lord says about this healing in **1 Cor. 11:29-30: For he that eateth and drinketh unworthily, eateth and drinketh damnation to himself, NOT DISCERNING THE LORD'S BODY. FOR THIS CAUSE many are WEAK AND SICKLY among you and MANY SLEEP.**

Many people die prematurely because they do not recognise the importance of the BODY OF JESUS WHICH WAS BROKEN FOR THEM, broken by wounds and by these wounds, healing was attained for us at Calvary. When we partake of Holy Communion as the Bible prescribes, we must, when we drink of the cup, repent of our sins, and accept forgiveness of our sins, and when we eat of the bread, we accept healing for our bodies. (I recommend for your reading, our book called "The Lord's Table and Healing".)

It may appear strange, but on the odd occasion when I have prayed for Muslim's, and have asked God to heal them in the Name of Jesus, they actually receive healing, yet there have been some regular Christian church goers who have not received their healing as easily. I asked the Lord about this and He showed me that when I speak to a heathen before praying for healing, I should explain to him that I AM NOT the one who heals, but that it is JESUS CHRIST. I ask him if he will accept that Jesus wants to heal him and can heal him, and that I pray in His name. They usually say they do believe that Jesus will heal them, and when I pray for them, healing takes place, because these heathens accept Jesus as their HEALER, although they have not yet accepted Him as their Saviour.

When we come to the faithful churchgoer, we often find that he has received Jesus as his Saviour, maybe some years ago, but not as his HEALER. That is why the heathen is healed and not the churchgoer.

Two thousand years ago, Jesus Christ made provision on the Cross for man's salvation and healing, for both our spiritual and physical needs. Tradition and ignorance has robbed man of this truth. We can accept or reject this provision that God has made for our salvation and healing, that is our choice. God is a gentleman – He will never force man to do anything, you can always choose, because He has given you a free will!

The Good News of the Gospel of the Lord Jesus Christ is that salvation and healing is for everyone who believes, but they do not fall into your lap like ripe cherries! We must ask for them in faith according to the way the Bible prescribes, and then we are assured of receiving them. It is God's will to save and to heal all who come to Him.

1 John 5:14-15: **And this is the confidence we have in Him, that if we ask anything according to His will, He heareth us. And if we know that He hears us, whatever we ask, we know that we have the petitions that we have asked of Him.** Let us read Isaiah 53:7: **He was oppressed, and he was afflicted, yet he opened not his mouth: He is brought like a lamb to the slaughter, and as a sheep before her shearers is dumb, so he openeth not his mouth.**

Here the prophet Isaiah is talking about Jesus. We read in the Gospels in the New Testament, that throughout all the torture and physical suffering that Jesus experienced, He did not open His mouth. In other words, He bore the excruciating pain without a sound when His Body was broken and wounded to pay for our sicknesses and diseases, but when He paid for our sin, He took our sin upon Himself, God turned His face away from His Son, because God cannot look upon sin. Jesus could not endure that pain of rejection and separation from His Father, even though it was for that short while, and He called out **"My God, My God, why hast Thou forsaken Me?"**

We know that it is much worse to be separated from God through sin, than to be sick, because with a sick body we can go to Heaven, but not with a sick soul. That pain of separation between Jesus and His Father far exceeded all the physical pain that Jesus suffered in going to the cross. So one can imagine the hellish pain that hell provides for the lost – a pain which will last for eternity. ●

Ons God van wonderwerke..

Briewe wat getuig van die Here se goedheid en getrouheid..

Liewe Mev. Meg en Span by Stanger,
Graag wil ek vir u en die span dankie sê vir die gebede vir Chante, haar salaris is die volgende dag ten volle aan haar betaal. Chante het 'n wonderlike werk gekry op 'n Arbei Plaas by Hartebeespoortdam, waar sy as 'n Sjef gaan werk.
Onthou jul is altyd in ons gebede.
Liefde groete
HARDUS , CHARMAIN EN CHAINTE KEMP

Geagte Meg en Span. Ek groet u in Jesus se naam. Ek het net n dankbare hart vir die Here, Abicgail het verlede week gegaan vir 'n kolonostropie daar is niks verkeerd met haar nie, alle eer aan God. Ook sê ek dankie vir die Here daar is ook niks verkeerd met my nie, die dokter is baie tevrede met my. Here ek Eer U want U is Almagtig.
Groete aan die Span , **Marilyn**

Baie baie dankie vir u gebede vir klein Kelsey! Ek is nie seker van al die toetsuitslae nie, weet net sy het ook longontsteking gehad. Nadat u vir haar gebid het het daar vinnig beterskap ingetree en sy is 'n paar dae later ontslaan. Dit wys net weer hoe getrou ons Here is en dat niks vir Hom onmoontlik is nie!
Sal u ook asb. bid vir Tina Koster - sy het baie probleme met haar knie en gaan Dinsdag in vir toetse. As ons Here haar rug in die verlede kon gesond maak sonder 'n operasie, kan dieselfde met haar knie ook gebeur!
Baie baie dankie, ons waardeer u gebede so baie!
Sarah

Goeie middag tannie Meg en die gebed span by Stanger Christen sentrum!
Ek kan nie nalaat om vir julle baie dankie te sê vir julle gebede nie. Gerrit het intussen 'n werk gekry en hy maak goeie opgang daar in sy werk. Hy is ook baie gelukkig in sy werk.
Ek was ook die Woensdag die 24ste Augustus vir die ondersoek by die ginekoloog. Die verduideliking van die menstruasie wat gestaak het is dat daar 'n babatjie oppad is waarvan ek glad nie bewus was nie! Ek is tans 28 weke swanger. Klein Samuel is sterk en blakend gesond volgens die dokter en sy ma is ook 100% . Baie dankie so baie vir al jul gebede. Ek glo dat ek en pappa as gesin nog saam sal wees en dat God se beloftes nog waar sal word. Klein Samuel is 'n klein wonderwerkie. Baie dankie so baie vir al jul gebede dat sy pappa ook 'n werk kon kry. En dat mamma nie siek is nie, maar 'n klein wonderwerkie van die Here af gekry het.
Die Here seën almal van u.
Groete Sanri

KRY GOD SE WOORD VIR DIT

Matt. 4:4: ...Hy [Jesus] het geantwoord en gesê:**"Daar is geskrywe: Die mens sal nie van brood alleen lewe nie, maar van elke woord wat deur die mond van God uitgaan."**

Toe die duiwel Jesus versoek het, het Jesus die Woord van God teen hom gebruik en gesê:**"Daar is geskrywe ... Daar is geskrywe ... Daar is geskrywe ..." (Matt. 4:4, 7, 10).**

Netso, indien die duiwel jou herinner aan die pyn in jou liggaam, behoort jy te sê wat God se Woord sê: **"Daar is geskrywe, 'Deur Sy wonde is ek genees!'" (Jes.53:5; 1 Pet.2:24).** Sê vir Pappa God: **"Ek het U Woord daarvoor en ek staan op U Woord. Ek probeer nie om genees te word nie. My genesing het alreeds plaasgevind. Ek gee nie om wat hierdie liggaam sê nie. Dit moet in lyn kom met U Woord, want deur Jesus se wonde is ek genees!"**

As die duiwel vir jou sê: "Kyk na die armsalige balanse in jou bankrekening. Hoe gaan jy jou rekeninge betaal?" sê net: **"Ek gaan my nie bekommer nie, omdat ek weet dat my God in elke behoefte van my sal voorsien na sy rykdom in heerlikheid deur Christus Jesus"(Fil.4:19).** Dit maak nie saak hoeveel ek in die bank het nie. God se Woord sê vir my soos die behoefte ontstaan, sal die voorsiening daar wees!"

Wanneer vrees oor jou kom, moenie vir jouself sê, "Hierdie vrees is belaglik. Wat is die kanse in elk geval, dat dit met my sal gebeur?" Moenie probeer om rasioneel te wees of te probeer om jou vrees weg te redeneer nie. Spreek in plaas daarvan God se Woord in die situasie. Sê, "Daar staan geskrywe, 'Want God het ons nie 'n gees van vreesagtigheid gegee nie, maar van krag, liefde en selfbeheersing'" (2 Tim. 1:7). Wat as die vrees terug kom? Spreek God se Woord weer. Sê, "Daar is geskrywe, Want God het my nie 'n gees van vreesagtigheid ... gegee nie.'"

Wanneer die duiwel probeer om jou te mislei, gee hom die Woord van God . Daar is iets omtrent die Woord van God wat veroorsaak dat hy nie by die wat dit gebruik bly nie. Dit herinner hom aan Jesus, die Woord wat vlees geword het **(Joh. 1:14)**, wat hom kragteloos en sonder enige uitwerking laat wanneer jy sê, "Daar is geskrywe ..." ●